# GRAAD 8 AANLYNREGISTRASIE STAPPE 2024

- Registrasie open 15 Junie 2023 om 08:00 en sluit 21 Julie 2023 om 24:00. Plasing: 4 September 2023
- Die aanlynproses behels die volgende:
  - Skakel in op www.gdeadmissions.gov.za
  - Gaan in op die skakel "GDE admissions"
  - Druk op die skakel "Registration"
  - Volg die stappe soos aangedui. Maak seker dat die selfoonnommer wat gebruik word, altyd beskikbaar sal wees. Onthou die "password", want u mag dit dalk weer nodig hê.
  - Huisadres: Skryf dit in Engels, want anders gaan die stelsel dit nie optel nie.

HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED
HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE ▪ SPORT ▪ KULTUUR

Volgorde van plasing van leerders by 'n skool:

1 = Huisadres
2 = Sibbe (siblings)
3 = Vorige skool
4 = Werkadres
5 = Adres binne 30km
6 = Adres 30km buite area

## STAP 1 – Ouer registrasie

- Maak seker dat u al die ouerbesonderhede invul en korrek spel. U inligting, soos die woonadres, moet in Engels weergegee word om die regte skoolopsies te kry.
- Vir "password" stel ons voor dat u, u naam of van gebruik , dan #/& en dan 123. Skryf dan u "password" neer, asseblief.
- Maak seker u bewaar die inligting veilig.
- Indien u in 'n landgoed/kompleks woon, gebruik die naaste straatnaam waarin u kompleks/landgoed geleë is.
- Indien u, u werksadres gaan gebruik om aansoek te doen, moet u die inligting rondom die werksadres invul.

## STAP 2 - Leerder registrasie

- Vul al die verpligte velde in.
- Taal van onderrig, kies AFRIKAANS.

## Stap 3 – Skole

- U eerste skoolopsie wat u op die stelsel gaan kry, is "huisadres". Wanneer Hoërskool Randburg nie onder die skole verskyn nie, kies enige skool op die lys (u hoef nie dokumente by hierdie in te dien nie).
- Nadat u, u keuse op grond van huisadres uitgevoer het, sal u die opsie hê om nog skole te kies gebaseer op ander aspekte.
- Skool opsies word ook gebied op grond van sibbe (siblings), werkadres of werk/woonadres binne/buite 'n 30km radius van die skool lê.
- Sodra alle velde korrek ingevul is kan u die "apply" knoppie druk.
- Druk die bladsy uit wat aandui dat u aansoek geregistreer is. Op die bladsy sal u die registrasienommer kry. Bewaar die dokument.

## STAP 4 - Dokumentasie

- U moet die dokumentasie op die stelsel aflaai, indien u die fasiliteit het.
- Handig ook die dokumente wat deur die Departement van Onderwys vereis word, binne sewe dae in by die skool waar jy graag jou kind geplaas wil hê.

## STAP 5 - Plasing

- Ouers moet onmiddellik reageer op die SMS-aanbod wat ouers vanaf 4 September 2023 ontvang om jou kind se plasing te aanvaar.
- U sal per e-pos in kennis gestel word sodra ons verdere inligting van die Departement ontvang het.

Binne sewe werksdae vanaf die aanlynregistrasie, moet die volgende gewaarmerkde dokumente ingehandig word:

- Afskrif van beide ouers se ID-dokumente
- Bewys van woonadres en/of werkadres
- Afskrif van leerder se geboortesertifikaat
- 2023 se nuutste rapport

Al die bogenoemde dokumente moet gewaarmerk wees, anders word dit nie aanvaar nie.

Tel: (011) 782-6226 e-pos: bemarking@hsrandburg.co.za webwerf: hsrandburg.co.za